Briefweletters

Pa ek is soo liev fir jou

Matie Joubert (Greeff), Lynnwoord, Pretoria, skryf:

Ek het gisteraand aan die slaap geraak (*hopelik nie van verveling nie! – Red*) met die jongste uitgawe van *Matieland* (2005:1) voor my bed, oop by "Die laaste sê". Plek-plek het ek onderstreep soos "hoekom spelfoute belangrik kan wees", "wat maak ons mens en wat maak ons menslik?", "gun ons vandag mekaar die geleentheid om mense te wees en om foute te mag maak?". – "Toegegee daar is iets te sê vir foutloosheid"…

Dit het my baie laat nadink. My jongste kleinseun was nie lank op skool nie toe moes hulle briefies skryf aan hulle vaders vir Vadersdag. So lui sy briefie: "Pa ek is soo liev fir jou"… Die juffrou het al die foute oorgesien; ek het my hart vasgehou vir hierdie klein seuntjie wat onwetend soveel kontak gemaak het, sy sê gesê het, spelfoute of nie.

Vandag is hy 'n finale jaar Ingenieursstudent, ek vind hom kreatief, innoverend, suksesvol, maar bowe-al menslik.
En sy ouma is steeds "soo liev fir hom!".

Artikel beïndruk

Coenraad Pieterse, Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Provinsiale Regering, Wes-Kaap, skryf:

In die uitgawe van *Matieland* (2005:1) verskyn 'n artikel op bl 20: "One of South Africa's most wonderful natural heritages under pressure". Hierin word spesifiek na James Pryke wat die navorsing gaan doen verwys asook sy mentor, prof Michael Samways.

Ons wil baie graag met enige een van die twee persone in verbinding tree om 'n soortgelyke artikel vir ons nuusbrief, *EnD News* te publiseer. Sal dit asseblief moontlik wees om my van kontakbesonderhede van die twee persone te voorsien?

Vir die eerste keer in jare is Matieland nou werklik 'n publikasie met substansie. Baie geluk en baie dankie vir so 'n uitstekende stukkie memorabilia.
Ons vertrou die genoemde persone het met u kontak gemaak, -Red.

Behalwe die hele paar e-posse wat Matieland ontvang het, erken ons ook graag die volgende briewe:

- Ds Francois Daniël Hugo van Klein Brakrivier. *Dankie vir vir u brief. Matieland vertrou dat ds Jan van Zyl van die NG Studentekerk op Stellenbosch u navraag bevredigend kon beantwoord. - Red*
- Mnr Eugene Pretorius van Potchefstroom. Mnr Pretorius skryf oor *Matieland*: "Elke keer as ek dit oopmaak, laat dit die nostalgie blom soos Namakwaland in die voorlente (alhoewel sommige nuwe neigings in US-geledere 'n mens soms omkrap!). " *Baie dankie vir die R50 tjek wat u saam met u brief gestuur het! Natuurlik stuur die US* Matieland *gratis aan alle alumni, maar ja, dit is 'n groot uitgawe en daarom waardeer mens dié gebaar. Mnr Pretorius het reeds in 1948 (56 jaar gelede) die graad BSc Ing verwerf. – Red.*
- Mnr TJA Gerdener van Waterkloofrif. Mnr Gerdener spreek sy waardering vir die tydskrif uit.
- Maj M Henstock van Oakdale. Maj Henstock bedank die US vir die vorige uitgawe van *Matieland*. "Dit is beslis iets om op trots te wees."
- Dr AD Keet van Durbanville. Dr Keet vertel dat hy in 1993 'n boek met die titel *The Pyloric Sphincteric Cylinder in Health and Disease* gepubliseer het. Navorsing vir die boek is in Tygerberghospitaal en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe gedoen. Die boek is in 1998 op die internet gepubliseer en tot en met 2004 was daar 1 071 490 besoeke (sowat 6201 per week) aan die webblad. Die adres is http://med.plig.org/

Dankie vir Matieland en Tygerland-artikels

Mnr Hendrik Steyn, Emerald Hill, skryf:

Ek skuld baie dankies vir *Matieland* en vir Sybelle Albrecht vir *Tygerland* kort gelede. Dit gee my goeie insig in feitlik alle belangrike aktiwiteite van die Universiteit Stellenbosch en ek waardeer dit baie. Dit alles het my stimuleer tot diep denke. Hierdie Universiteit se aktiwiteite dek so 'n wye area van sulke waardevolle kennis dat Stellenbosch 'n permanente kol van lig op ons planeet sal vertoon. En alles van dit laat my besef dat een mens se lewe so kort is en dat 'n mens net een brokkie van alle kennis kan besit. My twee klein brokkies het ek baie waardeer en daarom my gediggie "1982" wat ek insluit. Dis iets anders om die Universiteit te bedank.

'N OPDRAG OOK AAN MY

Toe ek die ander eensaam nag
met diepe dank in mede met Hom deel
het ek gevra dat ek Hom mag help;
om laste van die mens te dra.

In hierdie nag het ek gevra
dat lig van Bo
my weë sal verlig so blink
dat in die kronkelpad van eie eer
ek nie sal struikel om
in donker dieptes te versink
en in die oggend van die nag
het bloeisels van die môredag
die donker dieptes van die meer
met rooiwyn en robyn verkleur
om af te ets teen môregloed
die prag en vreug van sy skeppingsmoed.

Die miswolk en die see se kolk
die heuwels in opaal gerep
die boomtak met dou bestuif
die vlerk gefladder van die duif
het almal saam die rapsodie
van 'n skeppingslied vertolk
en in die lied en lag van hierdie lewe
het ek op dieselfde pad beweeg
Meteens het ek besef dat iewers in die dag
Sy opdrag ook op my sal wag.

Iets op die hart?

Matieland verwelkom briewe aan die redakteur. Alle briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moenie langer as 300 woorde wees nie.
Rig dit aan: Die Redakteur Matieland, Afdeling Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Faksnommer (021) 808 3800 of per e-pos media@sun.ac.za